PITKOS 24/02/16 Ds Louis Buys

TEMA: Waarheid en liefde vloei net in ware verhoudings

SKRIFLESING: Filippense 1: 12-26 , Rom 12: 9,18,21
TEKS: Fil 1:20,21, Rom 12:9,18,21

INLEIDING
Somtyds, in die verloop van ons lewe ervaar mens ‘n tydsgees waar jy ervaar dat alles verkeerd loop in ons stukkende wêreld. Ons het lanklaas soveel onmin, opstande, betogings, haat en geweld in ons land beleef. Van studente, deur die korrupsie in staatinstellings tot in die parlement. In ons kerkverband is daar ook soveel afbrekende beriggewing , veral in die sosiale media rakende sinodebesluite, dat jy dit skaars kan glo van gelowige mense. Die verhoudings tussen mense is grootliks stukkend.

Wat maak ons as Christene in sulke situasies? Ons as Benoni gemeente? Ons moet die vraag vra of ons ware of valse verhoudings met mekaar het. Hoe geen ons weet?

Daarom ons tema. **Waarheid en liefde vloei net in ware verhoudings.**
Wat sê Paulus? In die Filippensebrief?

Hy skryf die blydskapsbrief uit die gevangenis, in erge beproewing. Daar loof en prys hy die Here so dat dat sy blydskap ander aansteek end at hul gelowig word. Niks kon hom van sy vrede en vreugde beroof nie? Waarom? Want hy het dit nie in sy omstandighede gevind nie, maar in ‘n ware intieme verhouding met Jesus Christus.

Ons teks: Fil 1:20,21
“Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, ***met alle vrymoedigheid deur my hele <u>wese</u> Christus verheerlik in lewe en in sterwe, want om te <u>lewe,</u> is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.***

Die woord “**wese**” beteken “**liggaam**” en die woord “**lewe**” beteken “**asem”**. Paulus se hele liggaam en die oorsprong van lewe, nl. asem is Jesus. Jesus alleen is alles. Dit is asof hy wil sê: Jesus is in hom soos asem in sy liggaam. Daaronder (sonder Jesus) is hy dood. Maar dan

selfs al is hy dood, het hy wins in sy sterwe, want dan is hy by Jesus. Wat ‘n intieme verhouding. Jesus sê dit self:
“*Ek is die wingerdstok, julle die lote.* ***Wie in My bly en Ek in hom****, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.”* Joh 15:5

Hierop basseer hy sy verhoudings mat alle mense.
Rom 12: 9, 18 en 21 stel vir ons die beginsels van ons ware verhoudings met ander mense.
“Die ***liefde*** *moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef* ***in vrede*** *met alle mense. Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die* ***goeie****.”*

Hier is ‘n mooi konstruksie. Vers 9 se “**liefde**” en vers 21 se “**goeie**”(waarheid) omvou die opdrag in vers 18 om in “**vrede**” met alle mense te lewe.

Hoe toets ons ons verhoudings met ander mense? Vra of jy **vrede** met hulle kan hê op grond van die **liefde** vir - en om die **waarheid** te deel met daardie persoon.

As dit waar is, hoe kan ek dan beledig, veroordeel, slegsê, lieg, skree, vloek, kwaad word, voordat ek met die persoon gaan praat het. Is dit so in ons huwelike, kinders, vriende, familie, naby-mense,…wat nog van vreemdes?

Mag ons vrede in Jesus alleen, deur die Heilige Gees verryk word, dat ons sal oorloop in vrede met alle mense.